

HOOFSTUK I

AGTERGROND, PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK

INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar kortliks gekyk na die agtergrond wat aanleiding gegee het tot hierdie ondersoek asook die probleemstelling en metode van ondersoek.

1.1 AGTERGROND

Die Wye reeks ondersoeke toon dat die druipe- en uitvalsyfers, veral onder eerstejaarstudente aan universiteite in Suid-Afrika onrusbarend hoog is (Schlebusch, 1954:211, Gouws, 1957:3, Sonnekus, 1957:189, Combrink, 1970:163, Smit, 1971:416 en Bruwer, 1973:127)

Die oogmerk van hierdie ondersoek is om te probeer vasstel watter faktore (sowel kognitief as nie-kognitief) aanleiding gee tot akademiese prestasie ten einde meer duidelikheid oor bepaalde verbande te kan kry.

Daar is egter, volgens Van der Watt (1982:2), steeds 'n groot gedeelte van die variansie van akademiese prestasie wat nie deur die voorspellers in bogenoemde studies verklaar word nie en vandaar dus die voortgesette navorsing in hierdie verband.

Die feit dat soveel tyd en energie aan navorsing oor akademiese prestasie bestee word, is volgens Nel et al. (1955:8) begrypbaar indien die volgende in gedagte gehou word:

- Met inagneming van die finansiële uitgawes om 'n student aan 'n tersiêre inrigting te laat studeer, beteken druipe daarenteen 'n geweldige finansiële las vir sowel die ouers as die staat. Nie net die studiekostes word hierby bereken nie maar ook die verlies aan potensiële inkomste terwyl hy op universiteit is of was.

- 'n Tweede aspek is die verlies aan mannekrag, aangesien die student nie doeltreffend in 'n beroep aangewend kan word nie.
- Derdens kan druipling tot gevolg hê dat die student homself met mislukking identifiseer, wat 'n geweldige ondermynende invloed op sy persoonlikheidsontwikkeling kan hê.
- Indien die aantal druipele bokant die aanvaarbare peil styg, kan dit 'n demoraliserende invloed hê op die groep waarin dit plaasvind, omdat druipling dan as die norm eerder as 'n neerlaag beskou word.

Nel (1955:8) meen ook verder dat die oorgang van skool na universiteit dikwels baie skielik en daarom moeilik vir die student is aangesien die student as onrype persoonlikheid, wat onder toesig geleer en geleef het, nou skielik die sfeer van vryheid op universiteit betree.

Universiteite, maar veral ook teknikons, behoort studente van die nodige voorligting en leiding te voorsien ten einde die aanpassing te vergemaklik. Alhoewel hierdie funksie reeds aan die Witwatersrandse Technikon vervul word, kan die omvang daarvan nog verder uitgebrei word, veral met die oog op studie- en beroepsvoorligting, terapie en remediëring.

Dit is duidelik uit die volgende literatuuroorsig dat akademiese prestasie van 'n hele aantal faktore wat met mekaar saamhang afhanklik is:

Seginar (1980:266-275) vind 'n hoë korrelasie tussen kognitiewe faktore en akademiese prestasie terwyl affektiewe veranderlikes slegs 'n lae beduidendheid toon.

Van der Watt (1982:60-70) meld ook die verwantskap wat bestaan tussen kognitiewe faktore soos bekwaamheid en prestasie

(aangeleerd), tussen intelligensie en aanleg (aangebore) en 'n bepaalde verband tussen al hierdie kognitiewe faktore en akademiese prestasie.

Scott (1984:22) vind ook 'n duidelike verband tussen intelligensie en akademiese prestasie terwyl Combrink (1970:13) die belangrikheid van intelligensie as 'n bydraende faktor tot akademiese sukses beklemtoon. Laasgenoemde stel dit egter ook duidelik dat akademiese prestasie nie alleen op grond van intelligensie voorspel kan word nie.

Verskeie ondersoekers, soos Combrink, (1970:18-19) en Scott, (1984:23) vind 'n verband tussen leesvermoë en leesbegrip, terwyl Van der Watt (1982:82-83) ook die mening uitspreek dat aanleg nie buite rekening gelaat moet word in die voorspelling van akademiese sukses nie.

Navorsing met betrekking tot die verband tussen vorige prestasie en universiteitsprestasie toon teenstrydige resultate. Vroeëre studies, waaronder dié van Smit (1971:35), Garbers en Faure (1972:45) en Van Niekerk (1972:66) beklemtoon die sterk verband tussen bogenoemde twee veranderlikes, terwyl Smit (1983-129:130) en Klopper (1984:38) vind dat vorige prestasie nie voldoende vir die voorspelling van akademiese sukses is nie.

Erwee (1976:156) kom ook verder tot die slotsom dat daar vir elke studierigting 'n eiesoortige profiel getrek kan word in soverre dit bekwaamheid betref (soos gemeet deur die Akademiese Bekwaamheidsbattery) terwyl dieselfde ook geld ten opsigte van die belangstellingsvelde van die 19VBV.

Marais (1970:105) en Finlay (1981:177) is dit eens dat persoonlikheidseienskappe in ag geneem moet word by beroeps- en studievoorligting, aangesien onstabiele, swak aangepaste studente proporsioneel laer presteer as waartoe hulle

verstandelik in staat is. Verskeie navorsers het betekenisvolle verbande gevind tussens faktore, soos gemeet met behulp van die 16PF en akademiese prestasie. Du Toit (1974:16) vind byvoorbeeld dat Egosterkte (+C), Superegosterkte (+G), Waaghalsigheid (+H), Skerpsinnigheid (+N), Onverstoobarheid (-0), Sterk Selfsentiment (+Q³) en lae spanning (Q₄), hoog korreleer met studiegewoontes en -houdings.

Botha (1971:412-413) vind weer dat faktore B (Intelligensie), Q² (Selfgenoegsaamheid), A (Terrorgetriktheid), C (Emosionaliteit), F (Obersorgheid), en I (Sensitiwiteit) korreleer met akademiese prestasie terwyl die volgende faktore van die 16PF met onderprestasie korreleer: C (Emosionele stabiliteit), F (Onbersorgheid), en H (Avontuurlikheid), M (Konvensioneel), O (Selfversekerdheid), Q₁ (Radikalisme) en Q₄ (Flegmaties).

Eno, Woehlke en Deichmann (1978:366-371) vind egter geen beduidende korrelasies tussen persoonlikheidsfaktore en akademiese prestasie nie terwyl Steyn en Lätti (1978:14) in 'n soortgelyke ondersoek met ingenieurstudente geen betekenisvolle korrelasie tussen die faktore van die 16PF en akademiese prestasie gevind het nie. In 'n ondersoek deur Louw (1984:168) is gekyk na die faktore van die 16PF wat betekenisvolle verskille tussen suksesvolle en onsuksesvolle eerstejaarsuniversiteitstudente toon. Drie groepe is in hierdie ondersoek betrek, naamlik B.A.-, B.Sc.- en B. Comm.- studente. By al drie groepe het faktor G (Pligtsgetrouheid) 'n betekenisvolle verskil gelewer, terwyl faktor M (Boheemse onkonvensionaliteit) by twee van die drie groepe betekenisvol verskil het. Verdere faktore wat betekenisvolle verskille gelewer het, was faktor Q₄ (Gespannenheid) by die B.A. groep, faktor I (Emosionele gevoeligheid) en faktor Q₃ (Selfbeheersing) by die B.Sc groep. By die B.Comm.- groep was

daar 'n verdere drie faktore, naamlik faktor O (Geneigdheid tot skuldgevoelens), faktor Q₁ (Radikalisme) en faktor Q₂ (Selfgenoegsaamheid)

Sover dit belangstelling aanbetref, vind Nel et al. (1955:28), Sonnekus (1959:5) en Marais, (1970:104) dat daar nie 'n baie sterk verband tussen belangstelling en akademiese prestasie bestaan nie, maar dat belangstelling eerder in verband staan met die keuse van 'n studierigting.

Met betrekking tot die 19VBV vind Van der Watt (1982:311) in sy ondersoek met B.A.-, B.Sc.- en B.Comm.-studente dat die B.A.-groep betekenisvolle hoër tellings behaal het op die belangstellingsvelde Taal, Welsynswerk, Kunste, Histories en Openbare Optrede. Die B.Comm.-groep daarenteen, het weer hoër tellings op Syfers, Besigheid en Klerklike belangstelling behaal, terwyl die B.Sc.groep op die velde Kreatiewe Denke en Wetenskap beduidende hoër tellings behaal het.

Bykans al die navorsing waarna hierbo verwys word, is op universiteite gedoen. Daar bestaan tans nog 'n groot leemte in navorsing op technikonvlak, veral met betrekking tot die voorspelling van akademiese sukses. Aangesien die teknikons ook, net soos in die geval van universiteite, 'n tersiêre instelling is, en verder ook aangesien dieselfde probleme met betrekking tot druiping en uitsakking van studente aan teknikons ondervind word, word in hierdie ondersoek gepoog om vas te stel watter faktore of kombinasie van faktore met akademiese prestasie in verband gebring kan word. Vir hierdie doel sou daar dus 'n wye reeks toetse in die battery ingesluit kon word ten einde soveel moontlik van hierdie faktore te meet.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die Departement Personeelbestuur aan die Witwatersrandse Technikon bied tans die diplomakursusse Personeelbestuur en Bestuurspraktyk aan.

Die inskrywing van studente geskied op aanvraag terwyl daar tans geen keuringskriteria bestaan aan die hand waarvan studente vir die betrokke kursusse gekeur kan word nie. 'n Logiese probleem wat hieruit voortspruit is die uitsakking van studente gedurende die akademiese jaar, (deels as gevolg van verkeerde keuses ten opsigte van studierigting), terwyl daar verder ook 'n hoë druipsyfer voorkom.

Die getal studente wat die afgelope vyf jaar vir die onderskeie diplomas geregistreer het, teenoor die getal wat uiteindelik aan die einde van elke betrokke jaar eksamens afgelê het, word in die volgende tabel weergegee:

TABEL I AANTAL INSKRYWINGS TEENoor AANTAL WAT EKSAMEN AFGELÊ
HET: PERSONEELBESTUUR EN BESTUUR: 1982-1985

JAAR	INSKRY- WINGS		EKSAMENS AFGELÊ		UITGESAK		GEDRUIP	
	PERS* BEST	BEST*	PERS BEST	BEST	PERS BEST	BEST	PERS BEST	BEST
1982	68	34	49	16	19	18	10	7
1983	70	40	64	39	6	1	17	17
1984	67	52	60	42	7	10	11	16
1985	73	80	63	70	10	10	12	30

* Pers. best. = Personeelbestuur
Best. = Bestuurspraktyk

Uit die bostaande tabel kan dus afgelei word dat daar 'n groot aantal studente verlore raak as gevolg van uitsakking en druiping. Só het daar in 1982 altesaam 25 studente uit 'n totaal van 34 wat ingeskryf het vir die Bestuurspraktykdiploma uitgesak en gedruip. Dit wil sê 73% van die getal studente wat ingeskryf het, het uiteindelik nie geslaag nie.

In dieselfde jaar het daar ten opsigte van die Personeelbestuursdiploma 'n totaal van 29 studente uit 'n totale inskrywing van 68 uitgesak en gedruip. Dit verteenwoordig 43% van die totale inskrywings.

Gedurende 1983 het daar 40 studente vir die Bestuursdiploma ingeskryf, waarvan 39 die eksamens aan die einde van die jaar

afgelê het. Van hierdie getal het 17 studente gedruip en een het deur die loop van die jaar uitgesak. Dus was 45% van die oorspronklike getal inskrywings onsuksesvol.

Wat die Personeelbestuursdiploma aanbetref, het daar in 1983 'n totaal van 70 studente ingeskryf, 64 het die eksamen afgelê terwyl 6 uitgesak en 17 studente die kursus gedruip het. Die getal studente wat uitgesak en gedruip het, verteenwoordig dus 33% van die totale inskrywings.

Daar het verder 52 studente aan die begin van 1984 vir die Bestuursdiploma ingeskryf waarvan 42 die eksamen afgelê het. Tien studente het uitgesak en 'n verdere 16 het die kursus gedruip, wat 50% van die totale inskrywings verteenwoordig.

Gedurende dieselfde jaar het 67 studente vir die Personeelbestuursdiploma ingeskryf, waarvan 60 die eksamen afgelê het. In hierdie geval het 7 studente deur die loop van die jaar uitgesak en 11 het die kursus gedruip. Laasgenoemde studente verteenwoordig 27% van die oorspronklike getal inskrywings.

Aan die begin van 1985 het daar 80 studente vir die Bestuursdiploma ingeskryf, 70 het die eksamen afgelê, terwyl 10 uitgesak het en 30 die kursus gedruip het. Die uitsak- en druipsyfer in hierdie geval was 50%.

In dieselfde jaar het 73 studente vir die Personeelbestuursdiploma ingeskryf, waarvan 63 die eksamen afgelê het. 'n Totaal van 22 studente het gedruip en uitgesak, wat 30% van die oorspronklike aantal inskrywings verteenwoordig.

Ten opsigte van die Bestuurskursus was daar 'n gemiddelde uitval- en druipsyfer van 52,9% oor die genoemde vier jaar, terwyl dié syfer 33,3% is vir die Personeelbestuursdiploma.

Dit is dus duidelik dat die uitval- en druipsyfers van hierdie twee kursusse baie hoog is. Dit blyk ook verder dat een of ander vorm van keuring noodsaaklik is vir die toelating van studente tot hierdie betrokke kursusse.

1.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek kan in twee kategorieë ingedeel word naamlik 'n algemene doelstelling en 'n spesifieke doelstelling.

1.3.1 Algemene doelstelling

Die algemene doelstelling van hierdie ondersoek is om 'n toetsbattery saam te stel met die oog op die keuring van eerstejaarstudente in Personeelbestuur en Bestuurspraktyk aan die Witwatersrandse Technikon.

Vir hierdie doel is die eerstejaarstudente in beide studierigtings onderwerp aan 'n toetsbattery wat bestaan het uit die Akademiese Bekwaamheidsbattery, die subtoets Verstandelike Helderheid van die Intermediêre Battery, die Negentienveld - Belangstellingsvraelys, die Opname vir Studiegewoontes en -houdings asook twee persoonlikheidstoetse, naamlik die Gestruktureerde, objektiewe Roschachtoets (SORT) en die Sestien persoonlikheidsfaktorevraelys (16PF). Vorige prestasie (matriek) is ook 'n aanmerking geneem. Hierdie toetsresultate is in verband gebring met die studente se akademiese prestasie aan die einde van die eerste jaar ten einde vas te stel watter van hierdie faktore met akademiese prestasie korreleer.

1.3.2 Spesifieke doelstellings

Die spesifieke doelstellings kan ook in twee kategorieë geplaas

word, naamlik teoretiese en empiriese doelstellings.

1.3.2.1 Teoretiese doelstellings

Hierdie spesifieke doelstellings is tweërlei van aard:

- In die eerste plek gaan dit in hierdie ondersoek om die vasstelling van 'n keuringskriterium met behulp van psigometriese toetse. Met die oog hierop sal daar dus eerstens gekyk word na die plek en rol van psigometriese toetse in die keuringsproses.
- Tweedens word daar gekyk na die faktore wat akademiese prestasie beïnvloed.

1.3.2.2 Empiriese doelstellings

Onder hierdie gedeelte is daar drie spesifieke doelstellings:

- om te bepaal watter faktore verband hou met akademiese prestasie van eerstejaarstudente in Personeelbestuur en Bestuurspraktyk;
- om vas te stel watter van hierdie faktore 'n beduidende verskil tussen suksesvolle en onsuksesvolle studente in dié twee kursusse oplewer, en
- om 'n profiel van die suksesvolle studente daar te stel vir die doeleindes van keuring.

1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Aangesien hierdie ondersoek vanuit 'n bedryfsielkundige oogpunt benader word, sal daar in die teoretiese gedeelte aandag gegee word aan die keuringsprosedure soos wat dit oor die algemeen in die bedryf hanteer word. Die doel hiermee is om die rol en funksie van psigometriese toetse in die keuringsproses in perspektief te plaas.

Vervolgens sal daar in Hoofstuk 3 na die verband tussen kognitiewe en nie-kognitiewe faktore en hul invloed op akademiese prestasie verwys word. Daar word ook deurgaans na navorsingsbevindinge ten opsigte van die verskillende faktore verwys.

Die empiriese gedeelte (in Hoofstuk 4) behels 'n bespreking van die metode van ondersoek, met verwysing na die prosedure, die samestelling van 'n toetsbattery sowel as die statistiese tegnieke wat gebruik is.

Hierna word die resultate van die ondersoek (in Hoofstuk 5) gerapporteer.

Die finale hoofstuk bevat 'n samevatting van die bevindinge asook enkele gevolgtrekkings en aanbevelings.